

Maandag 31 Oktober (Hervorming)

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:3-7

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:3-4

Ons moet gefokus bly op Christus!

Een van die dringendste sake in die Nuwe-Testamentiese briewe is die oproep om die fokus op die regte dinge te behou. Gelowiges moet sorg dat hulle fyn ingestel is – en ingestel bly – op die regte dinge. Niks moet maak dat ons “uit fokus” raak nie. Waarop moet ons fokus? Op Christus en die evangelie. Dit maak die apostel Paulus duidelik in die heel eerste woorde wat hy in hierdie brief aan die jong Timoteus skryf. In Efese was daar som-mige wat ’n “ander leer” verkondig het. Daar was dwaalleraars wat ’n valse leer gebring het.

Op die oog af het hulle voorgegee om goeie leermeesters in die wet te wees. Maar hoe beskryf Paulus hulle? As mense wat hulle nie met die kern van die evangelie besig hou nie, maar met verdigsels en eindelose geslagsregisters (vgl. 1 Tim. 4:7; 2 Tim. 4:4; Tit. 1:14). Hulle het hulle besig gehou met spekulاسie oor allerhande nuttelose sake. Hulle het die fokus verskuif vanaf Christus na mensgemaakte fabels en toevoegings tot die wet, met die gevolg dat God se wet leeggemaak word, Christus en die waarheid van die evangelie verdring word, en die groot gebod tot liefde nie tot sy reg kom nie. Geen wonder nie dat Paulus Timoteus beveel om hierdie dwaalleraars die mond te snoer (vgl. Gal. 1:6-9)!

Hierdie verse bring ons voor die vraag: Waarop is ons fokus in die geloof? Op nuttelose verdigsels, of op Christus? Mag God ons deur sy Gees gefokus hou om die dinge wat die kern van ons geloof raak, te oordink, te bewaar, te leef en te verkondig.

Sing: Psalm 119-1:12

Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)